26 Januarie 2024

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Na afloop van die eerste twee weke van 2024 kan ons nie anders as om opgewonde te wees oor die jaar wat voorlê nie.

Die leerders was gou weer terug in hul skoolroetine en ons nuwe graad 1-wenners het hul eerste tree tot sukses op 17 Januarie 2024 gegee. Wat 'n trotse oomblik!

Moenie uitmis op nog opwindende gebeurtenisse wat in 2024 by Laerskool Secunda gaan plaasvind nie.

Wees deel van ons pragskool!

Skoolure

Gr. RRR – R

Vanaf 5 Februarie 2024
Maandag tot Vrydag
07:30 – 13:00

Gr. 1

Vanaf 5 Februarie 2024
Maandag tot Vrydag
07:30 – 13:20

Beheerliggaamverkiesing 2024

Dagboek die datum: ***5 Maart 2024***

Nominasievorms vir ouerverteenwoordigers is beskikbaar by die kantoor vanaf Vrydag, 23 Februarie 2024.

Die pad vorentoe is in ons ouers se hande…

Afhaal van leerders

Ouers moet asseblief die leerders direk na afloop van skool of sportoefening optel. Geen leerder mag buite die skoolhekke vir ouers wag nie.

Indien u nie betyds is nie moet die leerders by nasorg ingeskryf word.

Swem

Baie geluk aan ons swemmers wat op Saterdag, 20 Januarie 2024, te Middelburg aan 'n swemgala deelgeneem het. Hulle het uitstekende uitslae behaal.

Daar het 14 leerders deelgeneem en ons spog met 18 medaljes, 14 swemmers het in hulle verskeie items top 10 plekke behaal.

Plofkrag- en Laerskool Anton van Wouw atletiekdae

Baie sterkte aan ons atlete wat, op Saterdag 27 Januarie en op Dinsdag 30 Januarie 2024, gaan deelneem aan die Plofkragbyeenkoms in Middelburg en die Laerskool Anton van Wouw byeenkoms in Pretoria.

Doen net julle beste. Ons glo in julle.

Atletiek

Bokke- en Bokkiesport

Tydens ons leerders e kleursport het daar ‘n aansteeklike, positiewe gees geheers, en dit was ‘n voorreg om vrolike kinderstemme te hoor. Ons wenners het die twee dae ten volle geniet.

Baie dankie vir u as ouer se ondersteuning. Die byeenkoms het boonop ‘n groot getal nuwe rekords opgelewer!

Die nuwe rekords van ons atlete is as volg:

o.8

80m	Christiaan Boonzaaier (9.90)
80m	Kazi Ntimane (10.97)

o.10

1200m	Lianke Fölscher (4:45.00)
Verspring	Amé Schneider (3.39)
Hoogspring	Linke Schneider (1.20)
1200m	HW Meyer (4:54.00)

o.11

Gewigstoot	Kara Janse van Rensburg (7.62)
Verspring	Miané Schneider (3.52)
Gewigstoot	CJ Meyer (8.26)
Hoogspring	Aldrich Fourie (1.31)

o.12

1200m	Kayla Bezuidenhout (4:40.00)
Hoogspring	Mioné Joubert (4.42)
Diskus	Heicke Behm (14.41)
Gewigstoot	Brüssow Francke (8.30)
Hoogspring	Brüssow Francke (1.38)

o.13

Diskus	Miané Venter (25.92)
800m	Brand du Plessis (2:32.00)
1500m	Brand du Plessis (5:02.00)
Hoogspring	Jeanru du Jager (1.34)

Waterkrisis

Ons wil u gerus stel dat ons voldoende water en ‘n boorgat het en funksioneer teen 100% kapasiteit.

As iets verander, sal ons u op hoogte hou.

.

Trompoppies

Oefening begin op 5 Feb. (gr. 1 – 3) om 13:30 op die veld agter die saal.

Leerders sal ook dan ‘n inligtingsbrief ontvang.

Keuring vir alle nuwe gr. 1 -7 spanlede sal plaasvind op 26 Februarie.

.

Netbalproewe o.10 – o.13

Die netbalproewe van 30 Januarie skuif na middel Februarie. Meer inligting sal nader aan die tyd aan u deurgegee word.

Medikasie

- Daar is leerders wat op ‘n daaglikse basis medikasie gedurende skoolure moet ontvang.
- Dit gebeur ook soms dat ‘n kind siek word, en u as ouer die personeel versoek om vir ‘n dag of twee medikasie toe te dien.
- Vir u, u kind sowel as die personeel se beskerming word baie streng rekord van medikasie toediening gehou.
- Indien u medikasie skool toe stuur moet u asseblief skriftelik die volgende inhandig saam met die medikasie:
    - Naam van ouer.
    - Naam van kind en graad.
    - Tipe medikasie: Dosis:
    - Hoeveel van die medikasie (pille) wat u stuur.
    - Tyd wat die medikasie toegedien moet word.
    - Handtekening en datum.

- GEEN medikasie moet vir leerders gegee word om in hul eie tasse te hou nie.
- Handig dit eerder op die bogenoemde wyse, by die klasvoog, in.

Afgee van items by die algemene kantoor

- Leerders moet seker maak dat alle benodigdhede (kuns, take, sport en kosblikke) betyds ingepak word.
- Help ons deur reeds van vroeg af u kind die dissipline van deeglike beplanning te leer.
- Indien ‘n leerder verjaar is ouers wel welkom om die pakkies / eetgoed by die kantoor af te gee.
- Personeel se dagtake word onnodig hierdeur onderbreek. Dit sal streng toegepas word, en geen vergunnings sal gemaak word nie.
- Ons vra u samewerking in hierdie verband.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF